

## Sondag 1 Julie

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:30-40; 2 Korintiërs 2:4-6**

**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3; Heidelbergse Kategismus 34:94**

# In die aangesig van Jesus Christus ...

Ons teks handel oor Gód se aangesig. Sy aangesig buig nie soos dié van 'n mens na die aarde toe nie. Hy val nie daarop in hulpeloosheid neer nie. Dit word nooit rooi van skaamte of bleek-verleë in beskaming nie. Voor Gód se aangesig, sê die Bybel, smelt berge weg, slaan hemel en aarde op die vlug, word die reg nooit verdraai nie.

Tog beklemtoon ons teks dat ons – “jy!” – wel voor sy aangesig is. Maar, volstrek sonder enige ander gode. Geheel en al leeg aan jouself, selfs sónder 'n druppel sweet in jóú aangesig, sonder enige vorm van godsdienstigheid of beroep op iets soos kerklike ge-trouheid.

Ons is voor sy aangesig omdat Jesus Christus op Golgota, in die duisternis van daardie onherhaalbare middaguur buite Jerusalem, voor sy aangesig gestaan het. Dáár die gebed laat val het: My God, my God, waarom het U My verlaat? En, dáár laat hoor het: Dit is volbring.

Op grond hiervan staan in 2 Korintiërs 4:6 geskryf dat God, wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn, in ons harte geskyn het om ons te verlig met die kennis van sy heerlikheid, en dit alles in die aangesig van Jesus Christus. In die aangesig van Christus, in Hom, ken ons die heerlikheid, die almag, die geregtigheid, die heiligheid van die aange-sig van die lewende God. Met niks en niemand anders kan ons voor hierdie aangesig kom nie.

In Christus ís ons voor sy aangesig. Daarom is dit vir ons 'n plek van vreugde, 'n skui-ling, gevul met lig, vol van goedertierenheid, soos die Psalms ook daarvoor praat. Dit is pre-sies hierdie heilslyn wat ons Kategismus vir ons oopmaak as dit die aangesig van God in verband met die heil en verlossing bring. Dat ek volstrek niks voor die aangesig van God mag bring of laat bestaan nie, het ten diepste met my “sieleheil” te doen. So openbaar die wet die evangelie van Christus.

*Sing: Psalm 105-1:1, 3*

*Dr. RM (Dolf) Britz (Bloemburg)*